

Dinsdag 14 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25; HK Sondag 15, Antwoord 37

Fokusgedeelte: Jesaja 53:7

Christus gee Hom gewillig oor aan lyding in ons plek

Watter houding het Christus ingeneem toe Hy die bomenslike mishandeling ondergaan het? Profeties deel Jesaja (53:7) ons mee dat die houding van Christus onder die omstandighede vergelyk kan word met 'n lam wat na die slagplek gelei word en met 'n skaap wat stil is as hy geskeer word.

Jesaja gebruik dié beelde om daarmee die *volkome oorgawe* en *volstrekte gewilligheid* van Christus uit te beeld toe Hy die lyding verduur het. Terwyl ander diere hulle onder sulke omstandighede geweldig verset, gee die lam of die skaap hom as't ware gewillig oor vir behandeling of mishandeling sodat dit nie veel moeite kos om hom dood te maak nie. So was daar by Christus ook nie die minste poging om Hom aan die bitter en smadelike lyding te onttrek nie.

Tog aan die ander kant, is daar by Christus allermins 'n koue, hooghartige, byna onmenslike ongevoeligheid soos by Sokrates wat vasberade die gifbeker gedrink en en toe gaan lê het om te sterwe. Nee, soos enige egte mens deins Jesus Christus terug vir die vreeslike mishandeling. Ons sien dit in Getsemane waar Hy só moes worstel om gewillig die swaar lyding tegemoet te gaan dat sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die grond val. Tog gaan Hy gewillig die bitter lyding tegemoet, omdat Hy weet dat dit die wil van die Vader is.

Hy betree die lydenskap verder gewillig soos 'n skaap, nie weens gebrek aan mag en vermoë teenoor sy aanvallers nie; intendeel, Hy het te alle tye die mag gehad om hulle met 'n enkele magswoord teen die grond te verpletter. Aan Petrus het Hy gesê dat as Hy maar net sou vra, daar dadelik 12 legioene van engele sou neerskiet om Hom te bevry (Matt. 26:52, 53). Hy doen dit omdat Hy sy Vader se wil wou volbring en omdat Hy in sy onuitspreeklike sondaarsliefde ons uit die kloue van sonde, dood en hel wou red. Daarom is sy optrede te midde van sy vreeslike lyding soos dié van 'n lam en 'n skaap. Daarom vind ons by Hom, teenoor die moorddadige aanvalle op Hom, volmaakte selfbeheersing en geen woord van verset nie. Hy onderwerp Hom ten volle en weerloos aan die deur God geëiste lyding vir die versoening van die sondes van God se kinders. Daarom kon die apostel Petrus Hom soos volg as *voorbeeld* aan die gelowige diensknegte voorhou: “*Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel*” (1 Pet. 2:23).